HOËRSKOOL BERGVLIET

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

GRAAD 10 **TAAK 7: VRAESTEL 1** **Tyd: 2 UUR**

JUNIE 2023 **PUNTE: 80**

EKSAMINATRISE: G. Avenant **MODERATOR: Vakspan**

INSTRUKSIES EN INLIGTING: **NAAM:.....**

Lees die volgende instruksies noukeurig voordat die vrae beantwoord word:

1. Vul asseblief jou naam in op hierdie vraestel soos aangedui.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

   AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP (VRAAG 1) **(30 PUNTE)**

   AFDELING B: OPSOMMING (VRAAG 2) **(10 PUNTE)**

   AFDELING C: TAAL (VRAAG 4, 5 en 6) **(40 PUNTE)**
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy en trek 'n streep na elke afdeling.
5. Lees die instruksies vir elke vraag noukeurig en doen slegs wat verlang word.
6. Nommer die antwoorde presies soos die vrae op die vraestel genommer is.
7. Skryf asseblief netjies en leesbaar – ons kan nie onleesbare handskrif merk nie.

HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 11 BLADSYE

VOORSPOED!

AFDELING A : LEESBEGRIP

VRAAG 1 : TEKS A

Lees die onderstaande leesstuk noukeurig en beantwoord dan die vrae daarop soos aangedui.

Aanhouer wen

1 “Joe-hoeee!!!” Sibusiso draf laatmiddag deur die plakkerskampstrate en skop-skop na die klippies. Hy is dolgelukkig...

2 Sibusiso Mpofu (17), ‘n graad 10-leerder aan die Hoërskool Wesbank in Oos-Londen, woon saam met sy verlamde ma in die Nompumelelo-plakkerskamp. Vir hulle was die lewe tot dusver maar so vaal soos die stofstraat waarin hy nou draf. Dit gaan broekskeur met die Mpofu’s. Sibusiso se alkoholis-pa het weggeloop en sy ma se ongeskiktheidspensioen (disability pension) is bittermin. Sibusiso moes gou leer die lewe is dít wat jy daarvan maak.

3 Wanneer ander plakkerskampkinders stokkiesdraai omdat hulle nie busgeld het nie, leen Sibusiso gou geld by die buurman om by die skool te kan kom.

4 Saterdae is landloop-(cross country) kompetisies en Sibusiso hardloop om te wen! Die prysgeld gebruik hy om mnr. Tyali terug te betaal en soms, as hy gelukkig is, eet hulle ook lekker daardie aand.

5 Hierdie Saterdagoggend draf Sibusiso weer verby Inganathi-hulle se groot huis in die rykmansbuurt op pad na die sóveelste landloopkompetisie. Inganathi loer lui deur sy venster toe Sibusiso daaraan klop. “Haai Sbu! Gaan jy alweer vir jou ‘n geldjie loshardloop?! Mooi man! Vanaand eet julle weer lekker, nè!” Sibusiso glimlag goedig vir sy vriend van kleintyd, groet en draf verder. Inganathi val terug in sy bed, nog half bedwelmd van die vorige aand se drank en dwelms...

6 Hierdie jaar is vir Sibusiso spesiaal. Hy kon met die hulp van ‘n borg (sponsor) aan die Two Oceans halfmarathon deelneem én hy het sowaar ‘n silwer medalje gewen! Gisteraand was sy skool se prysuitdeling. Hy is tot die leerlingraad verkies en is weer eens as die Victor Ludorum aangewys. Vanmiddag het hy moeg, maar dankbaar oor sy wengeld huis toe gestap toe die foon lui.

7 “Hallo, Sibusiso!” Dis Carol van MSC-Kollege wat praat. Ek was gisteraand by julle prysuitdeling. Baie geluk met al die toekennings wat jy gekry het!”

8 Sbu sê verbaas: “Uhm...uhm...baie dankie.”

9 “MSC-Kollege wil graag vir jou ‘n beurs (bursary) aanbied om jou skoolloopbaan te voltooi, Sibusiso,” sê Carol. “As jy belangstel, bied ons ook vir jou ‘n volle beurs aan om ná matriek ons Avontuur- en Leierskapkursus “*Beyond Adventure*” te volg. Ons hoop jy sal daarin belangstel, want jy is ‘n goeie leier én ‘n uitstekende sportman. Wat sê jy? Wil jy eers ‘n bietjie daaroor dink?”

10 “Nee...glad nie... Ek bedoel ... baie dankie! Ek voel baie geëerd!”

11 “Jippieeeeee!!!!” skree Sibusiso kliphard. Hy is in die wolke! Al sy bekommernisse oor die toekoms is skielik iets van die verlede. Nóú verstaan hy eers wat sy oupa hom jare gelede al probeer leer het met dié woorde: “As jy min het, Sbu, doen baie met die bietjie wat jy het.”

12 Sibusiso dink bekommerd aan sy vriend, Inganathi. Wat gaan van hom word? Hoe gaan hy hom help om die geheim van sukses te verstaan? Miskien, ééndag, kan hy terugkom na Wesbank om vir kinders soos hy en Inganathi te leer wat die sleutel tot sukses in die lewe is...

13 “Enkosi Makhulu,” sê hy saggies terwyl hy huis toe draf om vir sy ma die goeie nuus te vertel.

L. Fouché, “Aanhouer wen”, 2011

1.1 Waar woon Sibusiso? (1)

1.2 Haal EEN woord in paragraaf 2 aan wat vir ons sê dat Sibusiso-hulle swaargekry het. (1)

1.3 Verduidelik watter probleem Sibusiso se pa gehad het. (1)

1.4 Hoekom kry Sibusiso se ma ongeskiktheidspensioen? (1)

1.5 Kies die korrekte betekenis vir die onderstaande woord. Skryf net die vraagnommer en die korrekte antwoord neer, bv. 1.5 E

Stokkiesdraai beteken om...

A ‘n rekenaarspeletjie te speel;
B ‘n entrepreneur te help en stokkies te draai;
C nie skool toe te gaan nie;
D ‘n speletjie met stokke te speel. (1)

1.6 Waarom het mnr. Tyali altyd vir Sibusiso busgeld geleen? (1)

1.7 Waarom het Sibusiso so gereeld aan landloopkompetisies deelgeneem? Noem TWEE feite. (2)

1.8 Watter spesiale band was daar tussen Sibusiso en Inganathi? (1)

1.9 Verduidelik hoe Sibusiso dit reggekry het om aan die Two Oceans halfmarathon deel te neem. (1)

1.10 Sê of die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR** is. Motiveer jou antwoord.

Dit was die eerste keer dat Sibusiso as Victor Ludorum gewys is. (1)

1.11 Watter direkte gevolg het Sibusiso se prysuitdeling vir hom ingehou? (1)

1.12 Hoe sou jy gevoel het as Sibusiso jou kind was? Antwoord in **een volsin**. (1)

1.13 Noem die TWEE eienskappe van Sibusiso wat tot sy voordeel was en die aandag van Carol van die MSC-Kollege getrek het. (2)

1.14 Watter raad sal jy vir kinders wat in plakkerskampe woon, gee? (1)

1.15 Skryf ‘n idiomatiese uitdrukking uit paragraaf 10 - 11 neer wat dieselfde beteken as “dolgelukkig” in paragraaf 1. (1)

1.16 Waarom was Sibusiso bekommerd oor Inganathi? (1)

1.17 Wie het vir Sibusiso ‘n waardevolle lewensles geleer? (1)

1.18 Wat is jou sleutel tot sukses in die lewe? Antwoord in **een volsin**. (1)

(20)

VRAAG 1 : TEKS B



Kyk aandagtig na die spotprent en beantwoord dan die vrae daaroor in volsinne of soos aangedui.

1.19 Hoe verskil die boonste Groot Vyf op die plakkaat van die onderste Groot Vyf? (2)

1.20 Wat het 'n gevaar in die Krugerwildtuin geword? Skryf slegs EEN woord neer. (1)

1.21 Waar in die Krugerwildtuin het gewapende rowers die personeel aangeval? (1)

1.22 Dink jy die man wat staan, werk in die wildtuin? (1)

1.23 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is en motiveer jou antwoord.

Dit is net besoekers aan die wildtuin wat versigtig vir die nuwe Groot Vyf moet wees. (1)

1.24 Wie dink jy is die mense wat na die man in die spotprent luister? Skryf net EEN woord neer. (1)

1.25 Watter een van die volgende woorde beskryf die gesigsuitdrukkings van die mense wat luister? Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer, bv. 1.25 F

A Vreugde
B Blydskap
C Opwinding
D Skok (1)

1.26 Skryf net die KORREKTE antwoord neer.

Die muis (onder links) se woorde: “Sjoe, dinge raak wild in die wildtuin.” is ‘n voorbeeld van (woordspeling / ‘n metafoor / personifikasie). (1)

1.27 Wat dink jy, is die doel van hierdie spotprent? Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer, bv. 1.27 F

Die kunstenaar wil…

A mense teen misdaad in die wildtuin waarsku;
B verduidelik hoe gevaarlik die misdadigers is;
C verduidelik hoe gevaarlik die wilde diere is;
D mense aanmoedig om die wildtuin te besoek. (1)

(10)

AFDELING A : Totaal : 30

AFDELING B : OPSOMMING

VRAAG 2 : TEKS C : Moenie stres oor die eksamen nie

INSTRUKSIES: Lees die teks hieronder sorgvuldig deur.

1. **Noem SEWE dinge/wenke wat jy kan doen om nie te stres voor 'n eksamen nie.**
2. Skryf elke feit in 'n goeie **volsin** neer.
3. **Nommer** jou sinne puntsgewys van **1 tot 7**.
4. Laat 'n **reël** na elke sin **oop**.
5. Jou opsomming mag nie langer as **70 woorde** wees nie.
6. Jy moet die **getal woorde** aan die einde van die opsomming **aandui.**

Moenie stres oor die eksamen nie

Voor 'n eksamen ervaar baie kinders onaangename gevoelens. Hulle is naar of het 'n hoofpyn. Ander het weer hartkloppings, hul hande sweet of daar is 'n brandpyn op hul maag. Jy hoef egter nie 'n senuweewrak te wees wanneer jy eksamen moet skryf nie.

Beplan jou studies volgens jou eksamenrooster. Dit is nie goed om 'n klomp feite vinnig in jou kop in te prop nie.

'n Mens stres minder as 'n mens weet wat jy nog alles moet studeer. Stel 'n studierooster op en deel jou werk in klein stukkies in.

Hoe leer 'n mens? Wat vir een persoon werk, werk nie noodwendig vir iemand anders nie.'n Mens kan nie net jou werk deurlees nie. Hersien met 'n metode. Maak notas en skryf sleutelwoorde neer.

'n Mens onthou iets makliker as jy dit vir iemand moet verduidelik. Vra dus gerus iemand om jou gereeld oor jou werk te toets.

Stel vir jou doelwitte, maar wees realisties daaroor. Weet waartoe jy in staat is, want ons kan nie almal volpunte kry nie.

Moenie jouself vergelyk met jou vriende of familie se kennis oor 'n vak of vordering nie. Dit sal jou net laat stres. Onthou ons is nie almal dieselfde nie. Fokus op jouself en jou eie vordering.

Dit kan jou duur te staan kom as jy die vakke waarvan jy nie hou nie vir laaste los.

'n Mens kan nie aanmekaar studeer nie. Jy moet gereeld vir 'n paar minute ontspan voordat jy verder studeer. Onthou ook om 'n goeie nagrus te kry en gesond te eet.

AFDELING B : Totaal :10

AFDELING C ; TAAL

VRAAG 3 : TEKS D : Strokiesprent

Lees die onderstaande strokiesprent en beantwoord die vrae.



3.1 Skryf in die INDIREKTE REDE.

3.1.1 Bobbejaan sê: “My moeder was so ‘n knap vrou.” (1)
3.1.2 Leeu vra: “Het jy dit vir haar gesê?” (1)
3.1.3 Leeu sê: “Sy’t seker lekker koek gebak.” (1)

3.2 Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

5.2.1 Bobbejaan se moeder kon alles tegelyk doen. Sy was ‘n baie knap vrou. (dus) (1)
5.2.2 Bobbejaan se ma kon die honde bad. Sy bak koek. (terwyl) (1)

3.3 Voltooi die volgende sin.

Hulle het nooit die koek geëet nie, want ... (1)

3.4 **Beantwoord** die volgende vraag ONTKENNEND.

Was jou moeder so ‘n knap vrou? (1)

3.5 Gee die TEENOORGESTELDE GESLAG vir die vetgedrukte woord.

Die bobbejaan in die strokiesprent is ‘n **mannetjie**. (1)

3.6 Kies die korrekte HOMOFOON om die onderstaande sin te voltooi.

Ek (eis / ys) as ek dink wat kon gebeur het as hul die koek geëet het. (1)

3.7 Kies die KORREKTE WOORD.

3.7.1 Leeu en bobbejaan is (boesemvriende / mooiweersvriende). (1)
3.7.2 Leeu kan nie (belowe / glo) bobbejaan se ma was so knap nie. (1)
3.7.3 Bobbejaan se moeder is (verlede / gelede) jaar oorlede. (1)
[12]

VRAAG 4 : TEKS E : Advertensie

Voer die volgende opdragte uit na aanleiding van die onderstaande advertensie.
Skryf elke keer die vraagnommer en die korrekte antwoord neer.



4.1 Gee die **korrekte vorm** van die woord tussen hakies.
Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

4.1.1 Daar gaan hierdie jaar baie (goed) produksies by die KKNK wees. (1)
4.1.2 Die organiseerders sien uit na ‘n (uitstekend) opkoms. (1)
4.1.3 Koop jou kaartjies voor die tyd as jy nie in (lank) toue wil staan nie. (1)

4.2 Gee die **verkleinwoord** van die vetgedrukte woorde.
Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

4.2.1 Jy kan gerus ‘n **foto** van al die bekende mense neem. (1)
4.2.2 Daar is **tente** waar bekende sangers gratis optree. (1)
4.2.3 Elke dag is daar ‘n gratis **vertoning** by die stadsaal. (1)

4.3 Skryf die **intensiewe vorm** van die vetgedrukte woorde.
Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

4.3.1 Die kaartjies vir die vertonings is **goedkoop**. (1)
4.3.2 Die Klein Karoo Feesparade is **beroemd**. (1)
4.3.3 Elke dag by die fees is **vol** verrassings. (1)

4.4 Gee die **meervoud** van die vetgedrukte woorde.
Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

'n Mens kan gerus (4.4.1) **brief** aan die feesorganiseerders skryf om hul van jou (4.4.2) **ervaring** op die verskillende (4.4.3) **fees** te vertel. (3)

4.5 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.
Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

4.5.1 Die enigste ding waaroor (my vriende en ek / ek en my vriende) baklei, is waar om te gaan eet. (1)
4.5.2 Ek het altyd (help / hulp) nodig om die regte klere in te pak. (1)

4.6 Skryf slegs die ontbrekende **voornaamwoorde** neer.
Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

4.6.1 My vriendin, Sonja, is gelukkig om saam met …. kêrel by die fees te wees. (1)
4.6.2 My vriend, Johan, en …. vriendin gaan ook by die fees wees. (1)

4.7 Kies die korrekte woord tussen hakies om die sin gepas te voltooi.
Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

4.7.1 By die fees is daar so baie wat 'n mens kan doen dat jy nie (lei / ly / lui) kan wees nie. (1)
4.7.2 Baie mense in ons land (ruis / reis / rys) kuier-kuier van die een fees na die ander. (1)

4.8 Skryf 'n sin neer en gebruik die vetgedrukte woord as 'n **homoniem.**

Ons gaan al **vier** jaar na die KKNK. (1)

4.9 Verbind die onderstaande sin met die voegwoord in hakies soos aangedui. **Skryf die hele sin uit.**

Die organiseerders is baie opgewonde. Die fees word vir die agtiende keer aangebied. (omdat)

Begin so: Die organiseerders is baie opgewonde omdat … (1)

4.10 Skryf die volgende sinne in die **ontkennende vorm**.

4.10.1 Daar is nog baie kaartjies beskikbaar. (1)
4.10.2 Die toneelstuk wil iets oor naasteliefde sê. (1)
[22]

VRAAG 5 : TEKS F : Spotprent

Beantwoord die volgende emotiewe vrae wat op die spotprent hieronder gebaseer is.



5.1 Watter visuele teken is daar by Manie dat hy nie wil opstaan nie? (1)

5.2 Hoe dui die vrou se lyftaal vir ons aan dat sy ongelukkig is terwyl sy met Manie te praat. (1)

5.3 Let op die hond se gesigsuitdrukking. Hoe dink jy voel hy/sy oor dit wat hier in die kamer gebeur? (1)

5.4 Dink jy die vrou is al op pad werk toe? Motiveer jou antwoord. (1)

5.5 Wat is jou mening (opinion) oor skoolkinders wat onderwysers nie respekteer nie en hulle sleg behandel? (1)

5.6 Bespreek die ironie in hierdie spotprent. (1)
[6]

AFDELING C : Totaal : 40
Groottotaal : 80

GR. 12 - AFRIKAANS EAT - VRAESTEL 1 - JUNIE 2023 - MEMORANDUM		
VRAAG 1		
1.1	Nompumelelo-plakkerskamp	(1)
1.2	“broekskeur”	(1)
1.3	Hy was verslaaf aan drank./Hy het te veel gedrink.	(1)
1.4	Sy is verlam.	(1)
1.5	C / nie skool toe te gaan nie	(1)
1.6	Hy weet hy sou die **geld terugkry**	(1)
1.7	Hy het (prys)**geld** verdien as hy **gewen** het.	(2)

1.8	Hulle was van **kleintyd** af vriende.	(1)
1.9	Hy het ‘n borg gehad. / Iemand het vir hom betaal om te kon deel neem.	(1)
1.10	Onwaar. Hy is “weer eens” as Victor Ludorum aangewys.	(1)
1.11	MSC-Kollege het vir hom ‘n beurs aangebied (om sy skoolloopbaan te voltooi).	(1)
1.12	**Enige passende antwoord** ...Bv. Trots	(1)
1.13	Hy was ‘n goeie leier en ‘n uitstekende sportman.	(2)
1.14	**Enige passende antwoord** ...Bv. Moenie moed opgee nie.	(1)
1.15	Hy is in die wolke.	(1)
1.16	Hy het gedrink en dwelms gebruik.	(1)
1.17	Sy oupa.	(1)
1.18	**Enige passende antwoord** vir wat die leerder se sleutel tot sukses in die lewe is.	(1)
		(20)

VRAAG 2

1.19	Die boonste Groot Vyf is diere; die onderste Groot Vyf is mense / misdadigers	(2)
1.20	misdaad / misdadigers	(1)
1.21	Krokkodilbrug	(1)
1.22	Ja, hy werk by die Krugerwildtuin / Krugerpark / Krugerpark staan op sy hemp / Sy klere dui op iemand wat buite werk.	(1)

1.23	Onwaar. Gewapende rowers het die personeel aangerand en / of wild word gesteel.	(1)
1.24	vakansiegangers / toeriste / besoekers / wildliefhebbers	(1)
1.25	D skok	(1)
1.26	woordspeling	(1)
1.27	A mense teen misdaad in die wildtuin te waarsku.	(1)
		(10)

Sub-Totaal : Afdeling A : 30

Afdeling B: Opsomming

Vraag 3

Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- Puntetoekenning
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - **Totaal 10**
- Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1-3 korrekte feite = 1 punt
  - 4-5 korrekte feite = 2 punte
  - 6-7 korrekte feite = 3 punte
- Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:
  - 6-7 korrekte aanhalings = geen punte
  - 1-5 korrekte aanhalings = 1 punt

LET WEL: Getal woorde:

-	Nasieners moet die getal woorde verifieer.
-	Geen punte word afgetrek as nagelaat is om aantal woorde aan te dui nie.
-	Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin waarin die 70 woorde grens is, nasien en die res van die opsomming ignoreer.

VRAAG 2

1.	Beplan jou studies.
2.	Stel ‘n studierooster op.
3.	Maak notas en skryf sleutelwoorde neer.
4.	Laat iemand jou gereeld toets.
5.	Stel vir jouself doelwitte wat jy kan bereik.
6.	Moenie jouself met jou vriende vergelyk nie. /
	Fokus op jouself en jou eie vordering.
7.	Moenie jou moeilike vakke of die waarvan jy nie hou nie,
	vir laaste los nie.
8.	Gesonde eetgewoontes en genoeg slaap is belangrik.
9.	Ontspan gereeld vir ‘n paar minute wanneer jy studeer.
	Sub-Totaal : Afdeling B : 10

VRAAG 3

3.1	3.1.1	Bobbejaan sê dat sy moeder so ‘n knap vrou was. /	
		Bobbejaan sê sy moeder was so ‘n knap vrou.	(1)
	3.1.2	Leeu vra of hy dit vir haar gesê het. /	
		Leeu vra het hy dit vir haar gesê.	(1)
	3.1.3	Leeu sê dat sy seker lekker koek gebak het. /	
		Leeu sê sy het seker lekker koek gebak.	(1)
3.2	3.2.1	Bobbejaan se moeder kon alles tegelyk doen; dus was	
		sy ‘n baie knap vrou.	(1)
	3.2.2	Bobbejaan se ma kon die honde bad terwyl sy koek	
		bak.	(1)
3.3	Hulle het nooit die koek geëet nie, want ....(**enigiets wat logies pas**)		(1)

3.4	Nee, my moeder was nie so ‘n knap vrou nie.	(1)
3.5	wyfie	(1)
3.6	ys	(1)
3.7	3.7.1 boesemvriende	(1)
	3.7.2 glo	(1)
	3.7.3 verlede	(1)
		[12]

VRAAG 4

4.1.1	goeie	(1)
4.1.2	uitstekende	(1)
4.1.3	lang	(1)
4.2.1	Foto’tjie	(1)
4.2.2	tentjies	(1)
4.2.3	vertoninkie	(1)
4.3.1	spotgoedkoop	(1)
4.3.2	wêreldberoemd	(1)
4.3.3	propvol	(1)
4.4.1	briewe	(1)
4.4.2	ervarings	(1)
4.4.3	feeste	(1)
4.5.1	ek en my vriende	(1)
4.5.2	hulp	(1)
4.6.1	haar	(1)
4.6.2	sy	(1)
4.7.1	lui	(1)
4.7.2	reis	(1)
4.8	Vier (celebrate) = Ek vier my verjaarsdag. (enige sinvolle sin)	(1)
4.9	Die organiseerders is baie opgewonde **omdat** die fees vir die agtiende keer **aangebied word**.	(1)

4.10.1	Daar is **nie meer** baie kaartjies beskikbaar **nie**.	(1)
4.10.2	Die toneelstuk wil **niks** oor naasteliefde sê **nie**.	(1) **[22]**

VRAAG 5

5.1	Hy lê met sy kop in sy kussing.	(1)
5.2	Haar hand is in haar sy. / Sy hou haar hand (palm na bo) voor haar	(1)
5.3	Hy gee nie om nie. Hy is al gewoond daaraan. Enige passende antwoord.	(1)
5.4	Nee, sy het nog haar kamerjas en pantoffels aan.	(1)
5.5	Enige passende antwoord.	(1)
5.6	Gewoonlik wil kinders nie skool toe gaan nie, maar hier wil die onderwyser nie skool toe gaan nie. / Onderwysers word nie gewoonlik by die skool geboelie nie, eerder die skool-kinders.	(1) **[6]**
	Sub-Totaal : Afdeling C : 40 **Groottotaal : 80**	